**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. 2310/2003

In die hersiening tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

En

**<u>DANIëL MAHLOMOLA MAJORO</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **LOMBARD *et* WRIGHT, RR**

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** **WRIGHT, R**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **3 JUNIE 2004**

---

Die beskuldigde, 'n 16-jarige man, is skuldig bevind aan aanranding met die opset om ernstig te beseer.

Dit blyk dat hy skuldig gepleit het en erken het dat hy die klaer met 'n mes gesteek het, maar daarna te kenne gegee dat hy in selfverdediging opgetree het. Die hof *a quo* het nie die pleit aanvaar nie, maar in terme van die bepalings van artikel 113 van Wet 51 van 1977 opgetree. Ten spyte van die feit dat geen verdere getuienis aangebied is nie, is die beskuldigde skuldig bevind aan dié oortreding.

'n Afskrif van 'n memorandum wat ontvang is van die Direkteur van Openbare Vervolgings, waarmee saamgestem word, word hierby aangeheg.

Bygevolg word die skuldigbevinding tersyde gestel.

**G.F. WRIGHT, R**

**EK STEM SAAM**

**D.J. LOMBARD, R**

/scd